Mikofenolaatmofetil word na orale toediening vinnig en breedvoerig geabsorbeer, met 'n gemiddelde absolute biobeskikbaarheid van 94 %. Na orale toediening, ondergaan dit vinnige en volledige metabolisme na MPA. Die voorlopergeneesmiddel word binne 'n paar minute uit die bloed opgeruim. Die aktiewe metaboliet, MPA, word op sy beurt deur glukuronieltransferase na die onaktiewe fenoliese glukuronied, MPAG, gemetaboliseer. Voedsel het geen effek op die mate van absorpsie van mikofenolaat nie. Die maksimum plasmakonsentrasies van MPA is egter met 40 % verlaag in die teenwoordigheid van kos. Die gemiddelde halfleeftyd van MPA na orale dosisse van mikofenolaatmofetil, is 17,9 uur.
Met 97 % is MPA teen relevante kliniese konsentrasies hoogs gebonde aan plasma-albumien en die onaktiewe metaboliet MPAG is 82 % gebind teen konsentrasiereikwydtes wat gewoonlik aangetref word by stabiele nieroorplantingspasiënte. Hoër konsentrasies MPAG wedywer met MPA, wat kan lei tot verlaagde MPA binding aan albumien.
Renale opruiming van 93 % (minder as 1 % as MPA en 87 % as MPAG) is die primêre roete van eliminasie deur tubulêre ekskresie en glomerulêre filtrasie. 6 % van die dosis word via die feses uitgeskei. MPA en MPAG word gewoonlik nie deur hemodialise verwyder nie, teen hoë MPAG plasmakonsentrasies (> 100 µg/ml) word klein hoeveelhede egter wel verwyder.
Plasmakonsentrasies van sowel MPA en MPAG is verhoog by pasiënte met renale inkorting.

Spesiale populasies:
Pasiënte met ernstige renale inkorting:
Veelvoudige dosering van mikofenolaatmofetil in pasiënte met ernstige chroniese renale inkorting is nie bestudeer nie.
Gemiddelde plasma MPA AOK na 'n enkele orale dosis in pasiënte met ernstige chroniese renale inkorting (glomerulêre filtrasietempo < 25 ml/min/1,73 m^2), was 28 – 75 % hoër as dit wat by normale, gesonde persone of persone met mindere grade van renale inkorting waargeneem is. Daarby was die gemiddelde enkeldosis plasma AOK van MPAG 3 – 6 keer hoër in persone met ernstige renale inkorting as in persone met ligte renale inkorting of normale gesonde persone, wat ooreenstem met die renale uitskeiding van MPAG, soos bekend is.

Pasiënte met vertraagde renale transplantaatfunksie na oorplanting:
In pasiënte met vertraagde renale transplantaatfunksie na oorplanting, was die gemiddelde MPA AOK_{0-12} vergelykbaar met dit wat na oorplanting waargeneem is by pasiënte sonder vertraagde renale transplantaatfunksie. Gemiddelde plasma MPAG AOK_{0-12} was 2 – 3 keer hoër as in pasiënte na oorplanting sonder vertraagde renale transplantaatfunksie.
Akkumulasie van MPA in die plasma was minimaal in pasiënte met primêre renale wanfunksie na nieroorplanting.

Pasiënte met hepatiese inkorting:
In vrywilligers met alkoholiese sirrose, was hepatiese MPA glukuronidasieprosesse relatief ongeaffekteer deur hepatiese parenchimale siekte.

Kinders onder die ouderdom van 18 jaar:
Farmakokinetiese parameters in pediatriese nieroorplantingspasiënte (in die reikwydte van 1 jaar tot 18 jaar) wie 600 mg/m^2 mikofenolaatmofetil oraal twee keer per dag gegee word, het MPA AOK waardes bereik soortgelyk aan die wat gesien word in volwasse nieroorplantingspasiënte, wie mikofenolaatmofetil teen 'n dosis van 1 g twee keer per dag ontvang het in die vroeë en laat periode na oorplanting. MPA AOK waardes oor ouderdomsgroepe heen, was soortgelyk in die vroeë en laat periode na oorplanting.

INDIKASIES
Mycophenolate Alkem word aangedui vir die voorkoming van orgaanverwerping in pasiënte wie allogeniese nier-, lewer- of hartoorplantings ontvang.
Mycophenolate Alkem behoort saam met siklosporien en kortikosteroïede gebruik te word.

KONTRA-INDIKASIES
Hipersensitiwiteit vir mikofenolaatmofetil of mikofenoliese suur, of enige ander bestanddeel van Mycophenolate Alkem.
Swangerskap en borsvoeding.

WAARSKUWINGS
Pasiënte op Mycophenolate Alkem terapie moet hul blootstelling aan sonlig en UV-lig beperk deur beskermende klere te dra en sonskerm met 'n hoë beskermingsfaktor te gebruik. Daar is 'n verhoogde risiko om limfome en ander kwaadaardighede te ontwikkel, veral van die vel, in pasiënte wie Mycophenolate Alkem as deel van 'n immuunonderdrukkende regimen ontvang. Dit lyk of dit verband hou met die intensiteit en duur van immuunonderdrukking, eerder as met die gebruik van enige spesifieke middel.
Daar kan ook 'n verhoogde vatbaarheid vir infeksie wees, insluitend opportunistiese infeksies, dodelike infeksies en sepsis, gedurende oormatige onderdrukking van die immuunsisteem.
Pasiënte wie Mycophenolate Alkem ontvang, behoort volbloedtellings (VBT) te ondergaan, weekliks gedurende die eerste maand, twee keer per maand vir die tweede en derde maande van behandeling, dan een keer per maand vir die res van die eerste jaar. Neutropenie moet in hierdie pasiënte gemoniteer word, aangesien dit verwant mag wees aan Mycophenolate Alkem self, medikasies wat gelyktydig toegedien word, virusinfeksies, of 'n kombinasie van hierdie oorsake.
Dit mag nodig wees om behandeling met Mycophenolate Alkem te staak indien erge neutropenie ontwikkel.
Pasiënte wie Mycophenolate Alkem ontvang, behoort aangesê te word om onmiddellik enige teken van infeksie, onverwagse kneusing of bloeding aan hul mediese praktisyn te rapporteer.
Daar is ook 'n verhoogde risiko dat latente virusinfeksies geaktiveer kan word. Dit sluit in JC-virusgeassosieerde progressiewe multifokale leukoenkefalopatie, soms dodelik, en BK-virusgeassosieerde nefropatie, wat kan lei tot verlies van renale transplantaat.
Gedurende behandeling met Mycophenolate Alkem, mag inentings minder effektief wees en die gebruik van lewendige, verswakte entstowwe moet vermy word weens die verhoogde risiko van infeksie. Om dieselfde rede moet intra-uteriene apparate met omsigtigheid gebruik word in pasiënte wie op Mycophenolate Alkem behandeling is.
Die verhouding van risiko tot voordeel moet oorweeg word wanneer aktiewe siekte van die spysverteringsisteem teenwoordig is, aangesien mikofenolaatmofetil geassosieer is met 'n verhoogde insidensie van newe-effekte van die spysverteringstelsel, insluitend minder dikwels gevalle van gastro-intestinale ulkusse, bloeding en perforasie. Mycophenolate Alkem moet versigtig aan hierdie pasiënte toegedien word.

INTERAKSIES
Asiklovir, valasiklovir, gansiklovir of valgansiklovir: verhogings in MPAG en asiklovir plasmakonsentrasies is waargeneem toe Mycophenolate Alkem gelyktydig met hierdie medisynes toegedien is, in vergelyking met hul plasmakonsentrasies wanneer alleen toegedien word. In die teenwoordigheid van nierontoereikendheid, word MPAG plasmakonsentrasie sowel as die plasmakonsentrasies van hierdie antivirale middels verhoog wanneer dit alleen toegedien word. Daar is gevolglik die potensiaal vir hierdie medisynes om te kompeteer vir tubulêre sekresie en dit veroorsaak 'n verdere verhoging in die konsentrasies van hierdie medisynes wanneer dit gelyktydig toegedien word.
Cholestiramien en die gelyktydige gebruik van Mycophenolate Alkem mag die plasmakonsentrasie van MPA verlaag, as gevolg van 'n onderbreking van enterohepatiese hersirkulasie van MPAG. Dit word moontlik veroorsaak deur intestinale binding met cholestiramien, wat lei tot verminderde Mycophenolate Alkem effektiwiteit.
Teensuurmiddels met magnesium- en aluminiumhidroksiede mag die absorpsie van Mycophenolate Alkem verminder.
Die gelyktydige toediening van asatioprien en Mycophenolate Alkem word nie aanbeveel nie, omdat beide die potensiaal het om beenmurgonderdrukking te veroorsaak.
Farmakokinetika van siklosporien word nie beïnvloed wanneer dit saam met Mycophenolate Alkem gebruik word nie. By stabiele nieroorplantingspasiënte (wie Mycophenolate Alkem 1 gram twee keer per dag gebruik), waar siklosporien vervang word met takrolimus, is daar egter 'n toename in MPA plasma AOK van ongeveer 30 % en ongeveer 20 % afname van MPAG plasma AOK. Vir pasiënte wie takrolimus gebruik, behoort die dosis Mycophenolate Alkem nie 1 gram twee keer per dag te oorskry nie. Pasiënte moet deeglik gemoniteer en op gepaste wyse bestuur word. Baie beperkte farmakokinetiese data is beskikbaar vir leweroorplantingspasiënte, met Mycophenolate Alkem in kombinasie met takrolimus.
Orale voorbehoedmiddels: die AOK van levonorgestrel is betekenisvol verlaag met die gelyktydige gebruik van mikofenolaatmofetil en bykomende geboortebeperkingsmetodes moet oorweeg word.
Medisynes soos probenesied wat renale sekresie ondergaan, mag die plasmakonsentrasies van die metaboliete van Mycophenolate Alkem verhoog.
Lewendige entstowwe: lewendige entstowwe moet nie aan pasiënte met ingekorte immuunrespons gegee word nie. Die teenliggaamrespons teenoor ander entstowwe mag verswak wees (kyk **WAARSKUWINGS**).
Rifampisien verminder die blootstelling aan mikofenolaat (in pasiënte wie nie siklosporien ook neem nie); MPA konsentrasies moet gemoniteer word wanneer rifampisien en Mycophenolate Alkem saam gebruik word.
In leweroorplantingspasiënte is die biobeskikbaarheid van MPA verminder deur gelyktydige toediening van tobramisien en kefuroksiem, skynbaar deur inhibisie van enterohepatiese hergebruik van MPA deur die antibakteriële middels. Norfloksasien, metronidasool of 'n kombinasie van die twee, het blootstelling aan MPA en MPAG verminder toe dit gegee is aan gesonde persone wie mikofenolaatmofetil, soos in Mycophenolate Alkem, ontvang. 'n Soortgelyke verlaging in konsentrasie is met siprofloksasien of amoksisillien en klavulaansuur waargeneem.

SWANGERSKAP EN BORSVOEDING
Mycophenolate Alkem word teenaangedui gedurende swangerskap en borsvoeding.
Die gebruik van Mycophenolate Alkem gedurende swangerskap is geassosieer met 'n verhoogde risiko van eerste trimester swangerskapverlies en 'n verhoogde risiko van kongenitale misvormings (kyk **KONTRA-INDIKASIES** en ***Spesiale voorsorgmaatreëls***).
Die gebruik van Mycophenolate Alkem tydens swangerskap word geassosieer met kongenitale abnormaliteite soos 'n gesplete lip en verhemelte. Ander anomalieë sluit in dié van distale ledemate, hart, esofagus en nier, sowel as misvormings van die eksterne oor.

10 mm

Vrouens wie nog kan swanger raak, moet 'n negatiewe swangerskapstoets hê binne 1 week voor begin word met Mycophenolate Alkem behandeling. Vrouens wie Mycophenolate Alkem behandeling ontvang, moet effektiewe voorbehoeding gebruik vanaf ten minste 4 weke voor aanvang van terapie, tot 6 weke na staking van behandeling met Mycophenolate Alkem.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Toediening van dosisse aan nieroorplantingspasiënte met ernstige chroniese renale inkorting behoort nie meer as 1 gram twee keer per dag te wees nie en pasiënte moet noukeurig dopgehou word. Dit is nie nodig om die dosis aan te pas vir pasiënte met vertraagde renale transplantaatfunksie nie, hulle moet egter deeglik gemoniteer word.

Dosis vir profilakse van renale verwerping
Volwassenes: Die aanvanklike dosis Mycophenolate Alkem moet oraal gegee word, binne 72 uur na oorplanting. Die aanbevole dosis is 1,0 gram twee keer 'n dag toegedien.

Standaard dosering vir die profilakse van kardiale verwerping
Volwassenes: 'n Dosis van 1,5 gram twee keer per dag oraal toegedien (daaglikse dosis van 3 gram), word aanbeveel vir gebruik in hartoorplantingspasiënte. Die aanvanklike dosis moet binne 5 dae na die oorplanting gegee word.
Kinders: Daar is geen data beskikbaar vir pediatriese hartoorplantingspasiënte nie.

Standaard dosering vir profilakse van hepatiese verwerping
Volwassenes: Toediening moet so gou as moontlik na oorplanting begin word. 'n Dosis van 1,5 gram twee keer per dag oraal toegedien (daaglikse dosis van 3 gram), word aanbeveel vir gebruik in leweroorplantingspasiënte.
Kinders: Daar is geen data beskikbaar vir pediatriese leweroorplantingspasiënte nie.

Spesiale doseringsinstruksies
Mycophenolate Alkem moet op 'n leë maag geneem word en met 'n vol glas water gesluk word.
Mycophenolate Alkem 250 mg kapsules moet nie oopgemaak of fyngedruk word nie.
Mycophenolate Alkem 500 mg tablette moet nie gekou of fyngedruk word nie.

Renale inkorting: Hierdie pasiënte moet ook noukeurig waargeneem word. By pasiënte met ernstige chroniese renale inkorting (glomerulêre filtrasietempo < 30 ml/min/1,73 m^2), buite die onmiddellike post-oorplantingsperiode, moet dosisse groter as 1 gram, twee keer per dag toegedien, vermy word.
Daar is geen data beskikbaar vir hart- of leweroorplantingspasiënte met ernstige chroniese renale inkorting nie.

Vertraagde renale transplantaatfunksie na oorplanting: Dit is nie nodig om die dosis aan te pas in pasiënte met vertraagde renale transplantaatfunksie na oorplanting nie.

Hepatiese inkorting: Dit is nie nodig om die dosis aan te pas vir nieroorplantingspasiënte met ernstige hepatiese parenchimale siekte nie. Daar is geen data beskikbaar vir hartoorplantingspasiënte met ernstige hepatiese parenchimale siekte nie.

Bejaardes: Die aanbevole dosis van 1 gram twee keer per dag toegedien vir nieroorplantingspasiënte en 1,5 gram twee keer per dag vir hartoorplantingspasiënte, is toepaslik vir bejaarde pasiënte (kyk **WAARSKUWINGS**).

Neutropenie: Dosering met Mycophenolate Alkem moet onderbreek word of die dosis verlaag word (absolute neutrofieltelling < 1,3 x 10^3/µl) (kyk **WAARSKUWINGS**).

NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
Newe-effekte:
Infeksies en infestasies
Frekwensie onbekend: Meningitis, aansteeklike endokarditis

Bloed- en die limfsisteemversteurings
Dikwels: Anemie (insluitend hipochromiese anemie), leukositose, leukopenie, trombositopenie
Minder dikwels: Bloedingsvlekke, polisitemie, verhoogde protrombientyd/INR, toename in tromboplastientyd
Frekwensie onbekend: Aplastiese anemie, beenmurgonderdrukking, suiwer rooisel aplasie

Endokrienversteurings
Minder dikwels: Diabetes mellitus, paratiroïedsteuring, Cushing se sindroom

Metabolisme en voedingsteurings
Dikwels: Versteurings van elektroliete en bloedlipiede, insluitend hipercholesterolemie, hiperglisemie, hiperkalemie, hipokalemie, hipomagnesemie, hiponatremie, hipofosfatemie
Minder dikwels: Asidose (metabolies of respiratories), verhoogde alkaliese fosfatase, dehidrasie, hiperlipidemie, massatoename

Psigiatriese steurings
Minder dikwels: Konvulsies, emosionele labiliteit, hallusinasies, neuropatie, abnormale denke, delirium, hiperestesie, psigose
Frekwensie onbekend: Prikkelbaarheid, depressie, angstigheid

Senuweesisteemversteurings
Dikwels: Duiseligheid, slaaploosheid, tremor
Minder dikwels: Parestesie, slaperigheid

Oogversteurings
Minder dikwels: Ambliopie, abnormale visie, konjunktivitis, katarak

Oor- en labirintversteurings
Minder dikwels: Doofheid

Kardiovaskulêre versteurings
Dikwels: Hipertensie, hipotensie
Minder dikwels: Angina pectoris, disritmieë, atriale fibrillasie, hartstilstand, kongestiewe hartversaking, posturale hipotensie, vasodilatasie, bradikardie, perikardiale effusie, tagikardie

Respiratoriese versteurings
Dikwels: Pneumonie, sinusitis
Minder dikwels: Asma, pulmonale edeem, rinitis, faringitis, brongitis, pleurale effusie, dispnee, hoes
Frekwensie onbekend: Tuberkulose, atipiese mikobakteriële infeksie

Gastro-intestinale versteurings
Dikwels: Diarree, naarheid, braking, hardlywigheid, dispepsie
Minder dikwels: Gastro-intestinale bloeding, orale moniliase, tandvleisontsteking, tandvleishiperplasie, esofagitis, stomatitis, pankreatitis
Frekwensie onbekend: Kolitis, intestinale villeuse atrofie

Hepato-biliêre versteurings
Minder dikwels: Hepatitis, verhoogde ensiemvlakke (ALT en AST), bilirubinemie

Vel- en subkutaneweefselversteurings
Minder dikwels: Aknee, alopesie, goedaardige neoplasma van die vel, fungale dermatitis, hirsutisme, velkarsinoom, velhipertrofie (insluitend aktiniese keratose), velulkus, uitslag, herpes simplex

Muskuloskeletale versteurings
Minder dikwels: Beenkrampe, mialgie, miastenie, artralgie, hipertonie

Nier- en urienwegversteurings
Dikwels: Hematurie, renale tubulêre nekrose, urienweginfeksie, albuminurie, hidronefrose, piëlonefritis
Minder dikwels: Disurie, urinêre frekwensie, urinêre inkontinensie, urienterughouding, oligurie, nokturie

Algemene versteurings
Dikwels: Astenie, koors, hoofpyn, infeksie, pyn (insluitend abdominaal, rug en borskas), perifere edeem, sepsis
Minder dikwels: Siste (insluitend limfoseel en hidroseel), vergrote buik, gesigsedeem, griepsindroom, bloeding, malaise, pelvispyn, breuke, askites (ophoping van vog in buikholte)

Spesiale voorsorgmaatreëls
Mycophenolate Alkem is 'n IMPDH (inosienmonofosfaatdehidrogenase) inhibitor, en moet gevolglik vermy word by pasiënte met 'n raar oorerflike tekort aan hipoxantien-guanienfosforibosieltransferase (HGPRT) soos Lesch-Nyhan- en Kelley-Seegmillersindroom (kyk **WAARSKUWINGS**).
Bejaarde pasiënte mag 'n verhoogde risiko van ongunstige effekte hê, in vergelyking met jonger individue.

Effekte op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik
Pasiënte moet vermy om gevaarlike masjinerie te hanteer of 'n motorvoertuig te bestuur, aangesien Mycophenolate Alkem slaperigheid en lomerigheid mag veroorsaak.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN
Simptome van oordosering:
Kyk **NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**.
Dit het gelyk of hart- en leweroorplantingspasiënte wie dosisse van 4 tot 5 gram per dag ontvang, 'n hoër voorkoms van gastro-intestinale onverdraagsaamheid, insluitend naarheid, braking, en/of diarree en soms hematologiese abnormaliteite, hoofsaaklik neutropenie het, wat aanleiding gee tot verlaging van die dosis of staking van terapie, in vergelyking met pasiënte wie 3 gram of minder per dag neem.
Behandeling van oordosering:
Mycophenolate Alkem kan nie deur hemodialise verwyder word nie.
Mycophenolate Alkem kan deur galsuursekwestrante, soos cholestiramien, verwyder word, deur die uitskeiding van Mycophenolate Alkem te verhoog.

IDENTIFIKASIE
Mycophenolate Alkem 250 mg (kapsules): Grootte "1" kapsule met 'n blou doppie en 'n bruin romp met "266" in swart ink op die romp gedruk.
Mycophenolate Alkem 500 mg (tablette): Ligpers, kapletvormige, bikonvekse, filmbedekte tablet, met "265" aan die een kant ingepers en glad aan die ander kant.

AANBIEDING
Mycophenolate Alkem 250 mg word verpak in gewone aluminiumfoelie / wit ondeursigtige PVC stulpstroke wat 10 kapsules bevat. 10 stulpstroke met 10 kapsules elk word in 'n buitenste karton verpak.
Mycophenolate Alkem 500 mg word verpak in gewone aluminiumfoelie / wit ondeursigtige PVC stulpstroke wat 10 tablette bevat. 5 stulpstroke met 10 tablette elk word in 'n buitenste karton verpak.

BEWARINGSINSTRUKSIES
Bêre by of onder 25 °C. Beskerm teen lig en vog. Hou die stulpstroke in die buitenste karton tot benodig vir gebruik.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMERS
Mycophenolate Alkem 250 mg: 45/32.2/0219
Mycophenolate Alkem 500 mg: 45/32.2/0220

10 mm

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
Alkem Laboratories (Pty) Ltd.
Jankragebou, 2[de] Vloer
O.R. Tambostraat 3
Potchefstroom 2531

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET
5 Desember 2013

PASIËNTINLIGTINGSBLAD VIR Mycophenolate Alkem 250 mg EN 500 mg

SKEDULERINGSTATUS:
S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM:
Mycophenolate Alkem 250 mg (kapsules)
Mycophenolate Alkem 500 mg (filmbedekte tablette)

Lees asseblief hierdie inligtingsblad deeglik voordat begin word om Mycophenolate Alkem 250 mg kapsules of Mycophenolate Alkem 500 mg tablette te neem.
- Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees dat jy dit weer lees.
- Indien jy enige verdere vrae het, vra asseblief jou dokter of jou apteker.
- Mycophenolate Alkem is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moet nie jou medisyne met ander mense deel nie. Dit mag skadelik wees vir hulle, selfs al het hulle dieselfde simptome as jy.

1. WAT Mycophenolate Alkem BEVAT:
Aktiewe bestanddeel:
Mycophenolate Alkem 250 mg: Elke kapsule bevat 250 mg mikofenolaatmofetil.
Mycophenolate Alkem 500 mg: Elke filmbedekte tablet bevat 500 mg mikofenolaatmofetil.
Onaktiewe bestanddele:
Mycophenolate Alkem 250 mg: Natriumkroskarmellose, vooraf-gegelatineerde stysel, povidoon, magnesiumstearaat, gelatien, natriumlourielsulfaat en die volgende kleurmiddels: titaandioksied, FD&C blue No. 2, rooi ysteroksied en geel ysteroksied.
Mycophenolate Alkem 500 mg: Natriumkroskarmellose, povidoon, mikrokristallyne sellulose, magnesiumstearaat en Instacoat ICG-U-10130 (wat bestaan uit hipromellose, makrogol, titaandioksied, rooi ysteroksied, swart ysteroksied en geel ysteroksied).

Suikervry.

2. WAARVOOR Mycophenolate Alkem GEBRUIK WORD:
Mycophenolate Alkem word gebruik om te voorkom dat die liggaam organe verwerp by pasiënte wie 'n oorgeplante nier, lewer of hart ontvang.

3. VOORDAT JY Mycophenolate Alkem NEEM:
Moenie Mycophenolate Alkem neem:
- Indien jy hipersensitief (allergies) vir die aktiewe bestanddeel, mikofenolaatmofetil, of enige van die onaktiewe bestanddele is nie (kyk **WAT Mycophenolate Alkem BEVAT**).
- Indien jy swanger is of borsvoed nie.

Neem spesiale sorg met Mycophenolate Alkem:
- Bejaarde pasiënte mag 'n verhoogde risiko vir newe-effekte ervaar, in vergelyking met jonger volwasse pasiënte.
- Jy moet blootstelling aan sonlig en UV-lig beperk deur beskermende klere te dra en sonskerm met 'n hoë beskermingsfaktor te gebruik terwyl Mycophenolate Alkem geneem word, aangesien velsiektes mag ontwikkel.
- Jou dokter sal bloedtoetse aanvra terwyl jy behandeling ondergaan, om enige verandering in die bloed te moniteer.
- Moet nie lewendige entstowwe (immunisasies) ontvang nie, weens 'n verhoogde risiko van infeksie.
- Vroulike pasiënte behoort intra-uteriene apparate ('n vorm van geboortebeperking) met omsigtigheid te gebruik, aangesien dit ook die risiko van infeksie mag verhoog.
- Jy mag infeksies ontwikkel terwyl Mycophenolate Alkem gebruik word. Lig jou dokter onmiddellik in indien jy onverwagse kneusing of bloeding ontwikkel.
- Lig jou dokter in indien jy 'n aktiewe siekte van die spysverteringstelsel het. Mycophenolate Alkem word geassosieer met 'n verhoogde insidensie van newe-effekte van die spysverteringstelsel.

Die neem van Mycophenolate Alkem met kos en drinkgoed:
Mycophenolate Alkem moet op 'n leë maag geneem word en met 'n vol glas water gesluk word.

Swangerskap en borsvoeding:
Indien jy swanger is, beplan om swanger te raak of jou baba borsvoed terwyl jy Mycophenolate Alkem neem, konsulteer asseblief jou dokter. Mycophenolate Alkem word in borsmelk uitgeskei en mag jou baba affekteer.
Die gebruik van Mycophenolate Alkem gedurende swangerskap word geassosieer met geboorte-afwykings by babas; veral van die ore, lippe en gesplete verhemelte, sowel as die niere.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
Mycophenolate Alkem mag duiseligheid of lomerigheid veroorsaak.
Moenie 'n voertuig bestuur of enige masjinerie hanteer totdat jy weet hoe Mycophenolate Alkem jou affekteer nie.

Die gebruik van ander medisynes met Mycophenolate Alkem:
Indien jy ander medisyne op 'n gereelde grondslag neem, insluitend komplementêre of tradisionele medisyne, mag die gebruik van Mycophenolate Alkem saam met hierdie medisyne ongewenste wisselwerkings veroorsaak. Raadpleeg jou dokter of apteker indien jy enige ander medisyne neem, insluitend enige wat jy by die apteek, supermark of gesondheidskoswinkel gekoop het.
Lig jou dokter in indien jy enige medikasie neem, aangesien dit wisselwerking met Mycophenolate Alkem kan hê.
Die gebruik van Mycophenolate Alkem saam met die volgende medisynes, mag ongewenste interaksies veroorsaak:
- Asiklovir, valasiklovir, gansiklovir of valgansiklovir (antivirale medisynes)
- Cholestiramien (gebruik vir hoë cholesterolvlakke in die bloedstroom)
- Teensuurmiddels met magnesium- en aluminiumhidroksiede
- Asatioprien (medisyne wat gebruik word om die immuunsisteem te onderdruk)
- Orale voorbehoedmiddels (gebruik om onbeplande swangerskappe te voorkom)
- Lewendige entstowwe (gebruik om sekere siektes te voorkom)
- Rifampisien (gebruik om tuberkulose (TB) te behandel)
- Tobramisien, kefuroksiem, norfloksasien, siprofloksasien, metronidasool, amoksisillien en klavulaansuur (gebruik om bakteriële infeksies te behandel)

Nie al die medisynes wat wisselwerking met Mycophenolate Alkem mag hê, is hierbo gelys nie.

4. HOE OM Mycophenolate Alkem TE NEEM:
Mycophenolate Alkem moet geneem word presies soos wat jou dokter voorgeskryf het. Konsulteer asseblief jou dokter of apteker indien jy onseker is.
Mycophenolate Alkem moet op 'n leë maag geneem word en heel gesluk word met 'n vol glas water.
Moet nie die Mycophenolate Alkem 250 mg kapsules oopmaak of stukkend druk nie.
Moet nie Mycophenolate Alkem 500 mg tablette kou of fyndruk nie.

Nieroorplanting:
Volwassenes: Jy sal jou eerste dosis binne 72 uur na jou oorplantingsoperasie ontvang.
Die aanbevole dosis is vier Mycophenolate Alkem 250 mg kapsules in die oggend en vier kapsules in die aand
OF
Twee Mycophenolate Alkem 500 mg tablette in die oggend en twee tablette in die aand.

Hartoorplanting:
Volwassenes: Jy sal jou eerste dosis binne vyf dae na jou oorplantingsoperasie ontvang. Die aanbevole dosis is ses Mycophenolate Alkem 250 mg kapsules in die oggend en ses kapsules in die aand
OF
Drie Mycophenolate Alkem 500 mg tablette in die oggend en drie in die aand.
Kinders: Mycophenolate Alkem word nie vir gebruik by kinders na hartoorplanting aanbeveel nie.

Leweroorplanting:
Volwassenes: Jy sal jou eerste dosis binne vier dae na jou oorplantingsoperasie ontvang. Die aanbevole dosis is ses Mycophenolate Alkem 250 mg kapsules in die oggend en ses kapsules in die aand
OF
Drie Mycophenolate Alkem 500 mg tablette in die oggend en drie in die aand.
Kinders: Mycophenolate Alkem word nie vir kinders na leweroorplanting aanbeveel nie.
Dit is baie belangrik dat jy die volle kursus soos wat deur jou dokter voorgeskryf is, voltooi.

Indien jy meer Mycophenolate Alkem geneem het as wat jy behoort:
In die geval van 'n oordosis, kontak jou dokter of apteker onmiddellik. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, verkry hulp by die naaste hospitaal of gifsentrum. Neem hierdie inligtingsblad en enige oorblywende kapsules of tablette saam met jou, sodat die dokter kan weet wat jy geneem het.

Indien jy vergeet om jou Mycophenolate Alkem te neem:
Indien jy 'n dosis oorgeslaan het, neem dit so gou as wat jy onthou. Indien dit amper tyd is vir jou volgende dosis, slaan die dosis oor wat jy gemis het en gaan voort om die kapsule(s) of tablet(te) op die gewone tyd te neem.
Moenie 'n groter of dubbele dosis neem om te vergoed vir die vergete individuele dosisse nie.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE:
Mycophenolate Alkem mag newe-effekte of ongewenste effekte veroorsaak.
Nie al die newe-effekte wat vir Mycophenolate Alkem aangemeld is, is in hierdie inligtingsblad ingesluit nie.

Indien jou algemene gesondheid verswak terwyl Mycophenolate Alkem geneem word, konsulteer asseblief jou dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker.
Hou op om Mycophenolate Alkem te neem en verkry onmiddellik noodbehandeling, indien enige van die volgende newe-effekte voorkom:
- Vinnige of onreëlmatige asemhaling en/of hartklop
- Swelsels soos jeukbulte op die gesig, ooglede, mond, lippe of tong
- Kortasemheid of probleme om asem te haal

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Jy mag 'n allergiese reaksie vir Mycophenolate Alkem hê en benodig dringende mediese aandag.
Sê dadelik vir jou dokter indien jy enige van die volgende newe-effekte ervaar, wat dikwels mag voorkom (gelys met die baie ernstige / lewensbedreigende newe-effekte eerste, en in volgorde van afnemende ernstigheidsgraad daarna):
- Tekens van bloedstoornisse, soos oormatige moegheid, duiseligheid, onverklaarde bloeding, kneusing of bleekheid
- Hoë of lae bloeddruk
- Hoë vlakke van cholesterol (vet) in jou bloed (wat deur jou dokter met 'n bloedcholesteroltoets bepaal word)
- Diabetes (gekenmerk deur gereelde urinering, oormatige dors, ongewone moegheid)
- Lae kaliumvlakke in jou bloed (gekenmerk deur braking, naarheid, hardlywigheid, lae bloeddruk) of abnormale hoë kaliumvlakke in jou bloed (gekenmerk deur naarheid, ongewone swakheid of moegheid, spierswakheid)
- Abnormale lae vlakke van magnesium in jou bloed (gekenmerk deur swakheid, spierkrampe of onreëlmatige hartklop)
- Abnormale lae vlakke natrium (sout) in jou bloed (gekenmerk deur naarheid en braking, hoofpyn, verwarring, ongewone swakheid of moegheid, aptytverlies, rusteloosheid, prikkelbaarheid, spierswakheid, spasmas of krampe)
- Abnormale lae vlakke fosfaat in jou bloed (gekenmerk deur spierwanfunksie en -swakheid, prikkelbaarheid of verwarring)
- Senuweeagtige opgewondenheid, angstigheid, verwarring, depressie
- Bloed in jou urine
- Blaasinfeksie (gekenmerk deur 'n brandgevoel wanneer jy urineer), probleme om te urineer, wit skuim in jou urine, intense pyn in die gebied tussen jou heupe en ribbes
- Longontsteking (inflammasie van die longe, veroorsaak deur 'n bakteriële of virusinfeksie, gekenmerk deur hoes, koors, bewe, kortasemheid of steekpyn in die borskas met diep asemteue)
- Sepsis (bakteriële infeksie in jou bloedstroom of liggaamsweefsel, gekenmerk deur koors, lae liggaamstemperatuur en vinnige asemhaling)
- Duiseligheid, probleme om te slaap, hande of voete wat bewe of ruk
- Swelling van onderbene of voete
- Diarree, naarheid, braking, hardlywigheid, sooibrand
- Ongewone swakheid of moegheid, koors, hoofpyn, maagpyn, rugpyn, borskaspyn
- Hooikoors

Sê dadelik vir jou dokter indien jy enige van die volgende newe-effekte ervaar, wat minder dikwels mag voorkom (gelys met die baie ernstige / lewensbedreigende newe-effekte eerste, en in volgorde van afnemende ernstigheidsgraad daarna):
- Verkleuring van die vel weens bloedstoornisse
- Onderaktiewe skildklier (gekenmerk deur massatoename, ongewone swakheid en depressie) of ooraktiewe skildklier (gekenmerk deur prikkelbaarheid, vinnige onreëlmatige hartklop, toename in sweetafskeiding en massaverlies)
- Cushing se sindroom (hoë vlakke kortisol, gekenmerk deur sentrale vetsug, 'n ronde gesig, vermeerdering van vet om die nek en arms en bene wat dunner word)
- Toevalle (konvulsies), gemoedsveranderings, sien of hoor goed wat nie bestaan nie, senuweeskade (gekenmerk deur spierswakheid, krampe en spasmas of prikkelende sensasie, gevoelloosheid en pyn), abnormale denke, 'n abnormale toename in sensitiwiteit vir stimuli van jou sintuie, verloor kontak met realiteit
- Asidose (te veel suur in jou liggaam, volgens 'n urientoets wat deur jou dokter uitgevoer is om jou liggaam se pH-vlakke te kontroleer), dehidrasie (wanneer jou liggaam meer vloeistof verloor as wat dit inneem), massatoename
- Verhoogde spierspanning
- Tintelende, brandende, prikkelende of gevoellose sensasie van die vel ("naalde en spelde"), slaperigheid
- Visiestoornisse, ooginfeksie, katarak (vertroebeling van die oog)
- Gehoorverlies
- Versteurings van jou hartritme, hartsteurings, hartversaking, abnormale stadige of vinnige hartritme
- Lighoofdigheid wanneer jy opstaan uit 'n sittende posisie of wanneer jy gelê het
- Asma, longversteurings (gekenmerk deur moeite om asem te haal, hoes bloed (gewoonlik pienk, skuimerige sputum), oormatige sweetafskeiding, angstigheid, bleek vel, griepagtige simptome, borskaspyn)
- Bloed in jou stoelgange, swaminfeksie in jou mond, ontsteking van die tandvleise, mond, slukderm of pankreas, oorgroei van weefsel van die tandvleis
- Velkankers
- Lewersiekte (gekenmerk deur geel verkleuring van die vel en oë)
- Pynlike of moeilike urinering, behoefte om meer dikwels as gewoonlik te urineer, verlies van blaasbeheer, vervaardig abnormaal min urine, oormatige urinering snags
- Voel 'n abnormale knop onder die vel, vergrote buik, swelling van die gesig, griepagtige simptome, ongewone swakheid of moegheid, sien of voel 'n uitbulting in die omgewing van die maag, gevoel van drukking op die maag
- Beenkrampe, spierpyn, gewrigspyn, abnormale swakheid van sekere spiere
- Aknee, tydelike haarverlies, veluitslag, velinfeksie
- Loopneus, seer keel

Indien enige van hierdie newe-effekte voortduur of erger word, lig asseblief jou dokter of professionele gesondheidsorgwerker so gou as moontlik in.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN Mycophenolate Alkem:
Bêre by of onder 25 °C.
Beskerm teen lig en vog.
Hou die stulpstroke in die buitenste karton tot benodig vir gebruik.
HOU ALLE MEDISYNES BUITE DIE BEREIK EN SIG VAN KINDERS.
Moenie gebruik na die vervaldatum wat op die karton gedruk is nie.
Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.

7. AANBIEDING VAN Mycophenolate Alkem:
Mycophenolate Alkem 250 mg word verpak in gewone aluminiumfoelie / wit ondeursigtige PVC stulpstroke wat 10 kapsules bevat. 10 stulpstroke met 10 kapsules elk word in 'n buitenste karton verpak.
Mycophenolate Alkem 500 mg word verpak in gewone aluminiumfoelie / wit ondeursigtige PVC stulpstroke wat 10 tablette bevat. 5 stulpstroke met 10 tablette elk word in 'n buitenste karton verpak.

8. IDENTIFIKASIE VAN Mycophenolate Alkem:
Mycophenolate Alkem 250 mg (kapsules): Grootte "1" kapsule met 'n blou doppie en 'n bruin romp met "266" in swart ink op die romp gedruk.
Mycophenolate Alkem 500 mg (tablette): Ligpers, kapletvormige, bikonvekse, filmbedekte tablet, met "265" aan die een kant ingepers en glad aan die ander kant.

9. REGISTRASIENOMMERS:
Mycophenolate Alkem 250 mg: 45/32.2/0219
Mycophenolate Alkem 500 mg: 45/32.2/0220

10. NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER:
Alkem Laboratories (Pty) Ltd.
Jankragebou, 2[de] Vloer
O.R. Tambostraat 3
Potchefstroom 2531

11. DATUM VAN PUBLIKASIE:
5 Desember 2013

PT 2320